
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# RELIGIESTUDIES V1

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Mense wat daartoe verbind is om hulle god te dien:

A Afgevaardigdes
B Voorouers
C Aanbidders
D Skenkers (1)

1.1.2 Gee 2,5 persent vir liefdadigheid:

A Tiende
B Zakat
C Geloofsbelydenis
D Offergawe (1)

1.1.3 Hierdie geloof het geen geestelike leiers nie:

A Bahá'i-geloof
B Christelike godsdiens
C Hindoeïsme
D Boeddhisme (1)

1.1.4 Midde-Oosterse gelowe:

A Sjintoïsme, Taoïsme en Boeddhisme
B Bahá'i-geloof, Islam en Christelike godsdiens
C Hindoeïsme, Boeddhisme en Bahá'i-geloof
D Confucianisme, Christelike godsdiens en Sjintoïsme (1)

1.1.5 God of gode in menslike vorm:

A Antropomorfisme
B Politeïsme
C Monoteïsme
D Protestantisme (1)

1.1.6 Hasidiese Jode is toegewy aan die streng nakoming van die Joodse Wet wat as … bekend staan.

A tikkun olam
B verbond
C Tora
D Halakhah (1)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.7 Strokies papier waarop woorde van krag en godsdienstige simbole geskryf is, word … genoem.

A ketters
B meningsverskil
C talismans/gelukbringers
D uitbrei (1)

1.1.8 Die Dalai Lama, leier van Tibettaanse Boeddhisme:

A Tenzin Gyatso
B Siddhartha Gautama
C Boeddha
D Dorje Shugden (1)

1.1.9 Die twee hoofgroepe wat in Judaïsme gevind word:

A Serafs en Gerubs
B Sephardim en Ashkenazim
C Saïvisme en Shaktisme
D Heidene en Fariseërs (1)

1.1.10 Die Onafhanklike Afrika-kerke is een van die vertakkings van …

A Afrika Tradisionele Godsdiens.
B die Moderne Kerk.
C die Christelike godsdiens.
D Mormone. (1)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Die skool van Boeddhisme wat as die Groter Weg bekend is, is ... (1)

1.2.2 Die Christelike godsdiens was die amptelike geloof van die Romeinse Ryk onder keiser … (1)

1.2.3 Mense wat glo dat slegs hulle godsdienstige sienings korrek is, het ... standpunte. (1)

1.2.4 Die godsdiens wat glo dat die Messias uit die nageslag van Koning Dawid sal kom en die wêreld saam met hulle sal regeer, is … (1)

1.2.5 'n Godsdiens wat in Japan ontstaan het en die aanbidding van die natuur insluit, is ... (1)

1.2.6 Mense wat die bestaan van 'n Opperwese verwerp, word ... genoem. (1)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. MOENIE 'n antwoord meer as een keer gebruik NIE.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Die versameling leringe/ leerbeginsels van die Profeet Mohammed | A | Groot Gebod |
| 1.3.2 | Die sentrale leerstellings van die Bahá'i-geloof | B | inspirasie |
| 1.3.3 | 'Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen.' | C | liturgie |
| 1.3.4 | Die ware oorsprong van al die godsdienste | D | Abrahamitiese siening |
| 1.3.5 | Mense is op die sesde dag gemaak | E | shahadah |
| 1.3.6 | Die woorde, musiek en handelinge wat in seremonies in sommige godsdienste gebruik word | F | Kitáb-i-Aqdas |
| | | G | Die Goue Reël |
| | | H | Hadith |

(6 x 1) (6)

1.4 Kies die woord(e) in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord(e) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede waarom die antwoord NIE pas NIE.

VOORBEELD: Rooi, Geel, Sirkel, Blou
ANTWOORD: Sirkel
REDE: Die ander drie is kleure.

1.4.1 Rumi, Sufi, sangoma, koning (2)

1.4.2 Halakhah, Vedas, Upanishads, Bhagavad Gita (2)

1.4.3 Bahá'u'lláh, Brahmo Samaj, Siddhartha Gautama, Abraham (2)

1.4.4 Sion-Christenkerk, Nasaret-Baptistekerk (Ibandla lamaNazaretha), Internasionale Pinkster Christenkerk, Metodistekerk (2)

1.4.5 Christelike godsdiens, Bahá'i-geloof, Islam, Judaïsme (2)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.5.1 Tripitaka is 'n kort, heilige vers/frase wat herhaaldelik in gebed of meditasie gebruik word. (2)

1.5.2 Die woord 'kosjer' in Boeddhisme verwys na die woorde van die Boeddha. (2)

1.5.3 Vir die Christengelowige bestaan die gemeenskap uit drie dimensies, naamlik die lewende mense, die lewende dooies en diegene wat nog gebore moet word. (2)

1.5.4 Tawhid is die grondslag van alle godsdienstige kennis, geskiedenis, metafisika, estetika en etiek in Judaïsme. (2)

1.5.5 Hindoeïsme het nie 'n kastestelsel nie, maar Boeddhisme het. (2)

1.6 In die konteks van godsdiens, skryf TWEE feite oor ELK van die volgende:

1.6.1 Dr. Nokuzola Mndende (2)

1.6.2 Lao Tzu (2)

1.6.3 Spreuke (2)

1.6.4 Joga (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 In die konteks van godsdiens, gee TWEE kort verduidelikings van ELK van die volgende konsepte:

2.1.1 Salaat (4)

2.1.2 Eenheid (4)

2.1.3 Dogma (4)

2.2 Noem enige TWEE unieke kenmerke van ELK van die volgende godsdienste:

2.2.1 Afrika Tradisionele Godsdiens (4)

2.2.2 Judaïsme (4)

2.3 Onderskei tussen die volgende terme:

2.3.1 Regressie en evolusie (4)

2.3.2 Bodhisattva en Boeddha (4)

2.3.3 Beskrywende stelling en normatiewe stelling (4)

2.4 2.4.1 Noem TWEE voordele daarvan om 'n sterk godsdienstige uniekheid te hê. (4)

2.4.2 Noem TWEE nadele van 'n gebrek aan godsdienstige leerstellings. (4)

2.5 Watter rol speel gelykenisse met betrekking tot godsdienstige leringe? (6)

2.6 Daar is 'n verskil tussen die Westerse siening en die Oosterse siening van godsdienstige verdraagsaamheid. Beskryf kortliks die verskille onder die volgende opskrifte:

2.6.1 Westerse siening (2)

2.6.2 Oosterse siening (2)
**[50]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3

3.1 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE OORDEELSDAGKULTUS**

Die dodetal wat met 'n oordeelsdagkultus in Kenia verband hou, het Saterdag 201 bereik nadat die polisie nog 22 lyke opgegrawe het, waarvan die meeste tekens van hongersnood getoon het, volgens die gebied se streekskommissaris.

Daar word geglo dat die lyke dié is van volgelinge van 'n pastoor, Paul Mackenzie, wat aan die kus van Kenia gebaseer is. Daar word beweer dat hy gemeentelede beveel het om van honger dood te gaan om Jesus te ontmoet. Meer as 600 mense word steeds vermis. Honderde lyke is opgegrawe uit tientalle massagrafte wat oor sy 800 akker-eiendom versprei is, wat in die kusland, Kilifi, geleë is.

Mackenzie, wat verlede maand in hegtenis geneem is, bly in aanhouding. Die polisie beplan om hom van terrorismeverwante misdrywe aan te kla. Hy hou vol dat hy sy kerk in 2019 gesluit het en na sy eiendom in 'n beboste gebied verhuis het om te boer. Lykskouings wat verlede week op meer as 100 lyke gedoen is, het getoon dat die slagoffers dood is aan hongersnood, verwurging, versmoring en beserings wat met stomp voorwerpe opgedoen is.

Kultusse is algemeen in Kenia, wat 'n godsdienstige samelewing het. Die polisie regoor die land het ander godsdiensleiers, wie se leringe glo misleidend en strydig met basiese menseregte is, ondervra.

[Aangepas uit www.apnews.com, 18 Julie 2023]

3.1.1 Wat is 'n *oordeelsdag*? (2)

3.1.2 Noem TWEE oorsake van dood volgens die artikel. (4)

3.1.3 Kultusse is algemeen in gebiede wat 'n godsdienstige samelewing het. Gee DRIE redes hiervoor. (6)

3.1.4 Hoe kan mense tussen *godsdiens* en *kultus* onderskei? (4)

3.1.5 Waarom word sommige pastore kultusleiers? Gee VIER redes vir jou antwoord. (8)

3.1.6 Watter invloed sal hierdie artikel op die openbare mening oor godsdiens hê? Gee redes vir jou antwoord. (10)

3.1.7 Dink jy dat die dooie mense in Kenia toegewyde Christene was? Gee redes vir jou antwoord. (8)

3.2 Die media kan openbare mening oor godsdienstige sake sterk beïnvloed. Noem VIER nadele hiervan. (8)

**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SOMALIË SE NUWE GODSDIENSOORLOG**

Die aard van die hardnekkige burgeroorlog in Somalië is besig om te verander, met Sufi-groepe wat die wapen teen Al-Sjabaab* opneem.

Sufi-groepe wat aangeval word, neem vir die eerste keer ooit die wapen op en veg effektief teen Al-Sjabaab met algemene steun op die landelike vlaktes van sentraal-Somalië. Hierdie nuwe as van konflik, waar Islamitiese vegters op godsdienstige grondslag met mekaar veg, het die potensiaal om op die lange duur die konflikdinamiek te verander.

Somaliërs is oor die algemeen gematigde Sufi-Moslems, wat musiek, dans en meditasie insluit. Hulle deel nie die streng, Saudi-geïnspireerde interpretasie van Islam van die geharde Al-Sjabaab-groep nie.

Oor die afgelope twee dekades van burgeroorlog, wat deur 'n gebrek aan sentrale regering gekenmerk is, het Sufi-leiers daarin geslaag om van stam- en politieke oorloë weg te bly, maar hierdie pragmatiese gematigde benadering het tot 'n einde gekom toe Al-Sjabaab-vegters teen die einde van verlede jaar begin het om hulle godsdienstige heiligdomme in die suide van die land te ontheilig.

'n Treffende voorbeeld is Al-Sjabaab se beleid in die hawestad, Kismayo. Die groep het nie net 'n verlate 60-jaar-oue Rooms-Katolieke Kerk afgebreek om dit met 'n moskee te vervang nie, maar hulle het Sufi-terreine geteiken, waaronder antieke grafte van geestelike leiers en ander prominente Sufi's – plekke wat deur Al-Sjabaab as on-Islamities beskou is. Hierdie aanvalle het plaaslike godsdienstige sentimente swaar getref.

Aangesien gematigde Soefi-geleerdes toenemend gevoel het dat daar teen hulle gediskrimineer word en dat hulle geteiken word, is hulle oorweldig deur wat hulle as 'n godsdienstige identiteitskonflik beskou het. Daarom het hulle besluit om die wapen op te neem en het daardeur die dinamiek van die Somaliese konflik verander.

*Al-Sjabaab – 'n militante groep wat teen Amerikaanse besetting geveg het

[Aangepas uit https://reliefweb.int, 8 Julie 2020]

4.1.1 Op watter vasteland is Somalië? (2)

4.1.2 Noem die TWEE vegtende groepe in die konflik hierbo. (4)

4.1.3 Noem DRIE aktiwiteite wat uniek aan die Sufi-tak van Islam is. (6)

4.1.4 Hierdie konflik kan as beide intergodsdienstig en intra-godsdienstig beskryf word.

Verduidelik hoekom hierdie stelling WAAR is. (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.1.5 Hoekom het die Sufi-groep uiteindelik weerwraak geneem? Gee DRIE redes. (6)

4.1.6 Watter lesse kan Suid-Afrika vir Somalië leer om die konflik te beëindig? (10)

4.2 Hoe kan godsdiensorganisasies in die konflik help? (8)

4.3 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek die leringe daarvan oor konflik. (10)
**[50]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5

5.1 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TALIBAN ONTNEEM VROUE VAN LEWENSBESTAAN EN IDENTITEIT**

Die Taliban*-regime het 'n verwoestende impak op Afghaanse vroue en meisies gehad, soos deur nuwe navorsing, Human Rights Watch en die Human Rights Institute by die San Jose State University getoon. Die organisasie het gekyk na die toestande vir vroue sedert die Taliban in die Ghazni-provinsie, in die suidooste van Afghanistan, beheer oorgeneem het.

Sedert die Taliban op 12 Augustus 2021 beheer van die stad Ghazni oorgeneem het, dae voordat hulle Afghanistan se hoofstad, Kaboel, binnegegaan het, het die Taliban regteskendende beleide ingestel wat groot struikelblokke vir vroue en meisies se gesondheid en onderwys geskep het, vryheid van beweging, uitdrukking en assosiasie ingekort** het, en baie van verdiende inkomste ontneem het.

Die Taliban het vroue en meisies verbied om sekondêre en hoër onderrig te kry, en kurrikulums verander om meer op godsdiensstudies te fokus. Hulle skryf voor wat vroue moet dra, hoe hulle moet reis, werkplek-segregasie volgens geslag, en selfs watter soort selfone vroue moet hê. Hulle dwing hierdie reëls deur intimidasie en inspeksies af.

'Die krisis vir vroue en meisies in Afghanistan is besig om te eskaleer met geen einde in sig nie,' sê Heather Barr, mededirekteur vir vroueregte by Human Rights Watch. 'Taliban-beleide het baie vroue en meisies vinnig feitlik in gevangenes in hulle huise verander, wat die land van een van sy kosbaarste hulpbronne, die vaardighede en talente van die vroulike helfte van die bevolking ontneem.'

*Taliban – geleerdes saamgestel uit kleinboere en mans wat Islam in Afghaanse godsdiensskole bestudeer
**ingekort – verminder in omvang of hoeveelheid, stel 'n beperking in

[Aangepas uit www.hrw.org, 18 Januarie 2022]

5.1.1 Noem TWEE organisasies wat die toestande van vroue in Afghanistan gemonitor het. (4)

5.1.2 In watter provinsie van Afghanistan is die navorsing gedoen? (2)

5.1.3 Hoekom, dink jy, het die Taliban hierdie veranderinge gemaak? (4)

5.1.4 Verduidelik *werkplek-segregasie volgens geslag*. (2)

5.1.5 Noem EEN voordeel en EEN nadeel van die praktyk van werkplek-segregasie volgens geslag. (4)

5.1.6 Gegrond op die artikel hierbo, noem DRIE ander menseregte-skendings wat op vroue afgedwing word. (6)

5.1.7 Dink jy hierdie artikel is bevooroordeeld? Gee TWEE redes om jou antwoord te staaf. (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.2 Gee VYF praktiese voorbeelde wat godsdiensvryheid in Suid-Afrika illustreer. (10)

5.3 Verduidelik die verskil tussen *sedes* en *etiek*. (4)

5.4 Met verwysing na enige EEN godsdiens, bespreek DRIE leringe wat na sedes en etiek verwys. (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS